### *Die ware vrye "kerk". Die egte Sabbat, die egte huis van Elohim en die ware diens van Elohim*

**202** **(Die Meester: ) "**As beide van julle dit verstaan het, keer dan gou weer met julle engel na Sigar terug en doen daar wat Ek gesê het, dan sal weldra al die haglike dinge daar baie anders begin lyk.

[2] Maar julle moet nie as vertoornde regters nie, maar **as waarlik wyse leraars en vriende van die blindes, dowes en stommes optree**, dan sal hulle hulleself wel deur julle laat lei!

[3] Wie kan dan nou redelikerwys kwaad word as `n blinde op sy voet trap? As jy oë het om te sien, is dit dan nie jou eie skuld as die blinde op jou voet gaan staan nie? Trek jou voet van die plek af weg waar die blinde loop, dan kan niemand daarop gaan staan nie!

[4] Sien jy egter dat `n blinde op die rand van `n afgrond staan, hardloop vinnig daarheen, pak hom beet en bring hom na veiligheid en lei hom dan na die lig wat elke blindheid van die siel genees en hy sal die beste, dankbaarste broer vir jou word.

[5] As julle die mense in My Naam leer, doen dit dan altyd soos wat Ek dit doen, eers met goeie dade en dan paslik met beskeie, eenvoudige en ware woorde, en julle sal daardeur gou baie waaragtige leerlinge kan tel.

[6] Maar as julle julleself tot byna bo die sterre uit in loutere ondeurgrondelike geheime hul, en die mense daarvan wil oortuig dat julle deur Elohim uitverkore is om hulle te veroordeel, te seën of te vervloek, en as julle jul dan bowendien nog vererg as My engel julle in hierdie sake nie wil ondersteun nie, dan moet dit vir julle tog wel duidelik wees dat hierdie handelswyse sekerlik nie My wil is wat aan julle geopenbaar is nie, maar dat julle vir julleself `n nuwe orde geskep het, **en daaruit `n nuwe ommuurde kerk in die plek van die ou Mosaïese een wil opbou**, waarvoor julle lammers hulle knieë al op `n afstand sou moes buig!

[7] Kyk, so gaan dit met die Mosaïese kerk, en dit bring, nadat daar `n muur omheen gebou is, geen of slegs weinig en dan nog baie petieterige vruggies voort!

[8] **Ek gee julle nou `n volkome vrye kerk**, waarvoor geen omheining nodig is nie, behalwe vir **elke mens se eie, baie persoonlike hart,** waarin die Gees en die Waarheid woon, en net daar wil Elohim deur die egte vereerders **erken, *en* aanbid word!**

[9] Omdat Ek julle die **eerste deelgenote** van My Gees maak, moet julle nie dink dat julle `n haarbreedte beter is as enige ander mens nie, en die gawe mag geen rede wees vir `n spesiale posisie nie, soos wat dit by die heidene en die tweemaal so in-die-duistere Judeërs en fariseërs is; **maar julle het slegs één Meester, julle is as broers en susters almal gelyk, en daar mag onder julle nooit `n onderskeid wees nie!**

[10] Ook mag julle geen voorskrifte maak nie, en julle moet ook geen besondere waarde toeken aan bepaalde dae en tye nie, asof dit beter of slegter sou wees as ander, asof Elohim bepaalde dae sou vasgestel het waarop Hy julle gebede alleenlik sal aanhoor en julle offers sal aanneem. Ek sê julle: by Elohim is al die dae gelyk en onder al die dae is **die beste dag dié een waarop jy iets waarlik goeds vir jou naaste gedoen het!** En so moet in die toekoms die ware en Elohim-alleen welgevallige Sabbatdag alleen maar bepaal word deur julle goeie daad!

[11] Op dié dag dat jy goed doen, sal dit ook as ware Sabbat by Elohim erken word; maar die gebruiklike Judese sabbat is `n gruwel in Elohim se Oë!

[12] En as jy `n sogenaamde huis vir Elohim wil bou, **bou dan hospitale en versorgingstehuise vir julle arme broers en susters;** gee hulle daarin alles wat hulle nodig het, dan sal jy op hierdie manier die mees egte diens aan Elohim bewys, waaraan die Vader in die hemele baie welgevalle sal hê.

[13] Aan so `n egte en enigste ware diens aan Elohim **sal mens kan sien dat julle werklik My leerlinge is**.

[14] Gaan dus nou huistoe en werk op hierdie wyse, dan sal julle arbeid geseënd wees."

### *Lofrede van JonaEl*

**203** Na die uitvoerige les sê **altwee:** **"**Meester! Vergeef ons ons sonde! Want ons sien nou wel baie duidelik dat die volk nie soseer gefaal het nie, maar dat net ons eintlik gefaal het, en ons sal nou met U genade en hulp alles sover moontlik weer regstel!

[2] Nou sopas dring dit tot ons deur wat die ware gees van U heilige leer is, en ons sal dit ook met die groots moontlike ywer onder die volk versprei! Daar het egter nou baie na die heidene oorgegaan; ons weet kwalik hoe ons hulle weer moet terughaal! Wat kan ons daaraan doen?"

[3] **Ek** sê: "Doen met hulle wat Ek met die heidene doen, en tesame met die heidene sal hulle julle leerlinge wees.

[4] Kyk, hierdie huis is nou ook heidens en het al geruime tyd gelede na die Griekse wêreldbeskouing

oorgegaan, en nou het dit homself, meer as enige ander Judese huis, aan My kant geskaar! As julle dit ook so aanpak, dan sal julle self weldra meer heidene as Judeërs by julle voeg!

[5] Want wie `n leë maag het, sal gretiger wees vir `n maaltyd as iemand met `n vol maag, veral as die maag daarby nog heeltemal bedorwe is, soos dié van die fariseërs en skrifgeleerdes."

[6] Toe sê hulle **altwee: "**Wat moet ons dan met diegene doen wat U Naam vervloek het ter wille van hulle besittings, wat anders van hulle afgeneem sou word?"

[7] **Ek** sê: "**Beur die gevallenes op en bring hulle op die goeie weg en lei hulle**, sodat hulle hul sonde insien en berou daaroor het. Dit is julle taak!

[8] Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel en te gronde te rig nie, **maar om die verlorenes te soek en die gevallenes weer op te rig.** As dit nou vir julle duidelik is, gaan dan heen en handel so!"

[9] Na hierdie woorde buig altwee baie diep voor My en vra My of hulle nog `n paar dae by My mag bly.

[10] En **Ek** staan hulle dit toe en sê: "Toe Ek nou net vir julle gesê het dat julle dadelik weer huis toe moes gaan, bedoel Ek merendeels die bereidwilligheid van julle hart en verstand, as dat dit My wens is dat julle nou op hierdie oomblik direk hiervandaan na Sigar sou gaan; en dus kan julle die paar dae wat Ek nog hier by My vriend sal deurbring, hier bly."

[11] Baie voldaan oor My antwoord bedank en prys altwee My en **JonaEl** sê met `n diep bewoë gemoed: "O, aarde! Oudgeworde akker van onkruid, dorings en distels! Donker graf van die lewe, ou voortbringer van sonde en dood! Is jy dit wel werd dat die Meester, jou Elohim en Skepper, jou met Sy heilige voete betree, jou verpeste lug inasem en jou slegte vrugte eet?!

[12] Ons mense, diere en plante is dit nie werd om deur Hom ook maar net aangesien te word nie! Dit is alles pure, eindelose barmhartigheid en ontferming!

[13] Laat alles hulleself daarom ophef en Hom voortdurend loof en prys!

[14] En julle sterre daarbo aan die hoë hemele, bedek jul onrein(onheilige) gesigte; want dit is Elohim, julle Skepper, waarop julle vanaf julle hoogte, trots neerkyk!

[15] O, aarde, wat het van jou geword? Watter naam sal jy kry - nie ter wille van jouself nie, maar ter wille van Hom wat jy, baie onwaardig, nou dra?

[16] O, hoe meer ek daaroor nadink Wie dit is wat hier by Sy uitverkorenes bly, des te meer beklem word my bors! Hoe sal een wat so beperk is, Hom ook in homself kan opneem, waarvoor al die hemele en engele te klein is!?

[17] O, mees gewyde tyd der tye op die aarde, waar Hy nou woon wat aan die son en die maan die lig gegee, en wat hulle dit voorgeskryf het om die groot weg van Sy Liefde en Wysheid te volg, en aan die aarde die tyd en dag en nag te gee!

[18] Laat alles daarom die Meester van heerlikheid uit al die hemele loof; want geheel aan Hom alleen behoort al die lofprysinge, al die eer, al die lof en al die liefde van die ewige oneindigheid!"

[19] **Die leerlinge** wat die uitroep aanhoor, sê: "Meester, hoor U nie hoe JonaEl U loof en prys asof die gees van Dawid in hom gevaar het nie?"

[20] **Ek** antwoord: "Ek hoor sy lof en dit is vir My baie aangenaam; maar van julle het Ek nog nooit `n dergelike lof ontvang nie. Dit sou julle ook sekerlik geen kwaad doen nie as julle eenmaal goed by julleself oordink Wie dit is wat nou met julle praat! - Maar laat ons nou bietjie gaan rus, want die middel van die nag is lankal verby."

[21] Na hierdie woorde word dit gou stil op die heuwel en die meeste raak aan die slaap; slegs JonaEl en Jaïrus verdiep hulleself in allerlei beskouings en loof My in stilte.